Palindroom (Woordspeling KABV Gr 10-12 Afrikaans HT)

1. Definisie

'n **Palindroom** ('n direkte een) is 'n simmetriese volgorde van letters of syfers in 'n woord, getal, datum en tyd. Dit word ook 'n **keerwoord**, **kreefwoord, kreefvers** en **omkerings** genoem. Die (direkte) palindroom bly dieselfde ongeag of dit van *links na regs* of van *regs na links* gelees word. Ander aanwysers is dat woorde *terug, agtertoe, retirerend (van agter na voor en terug)*, of selfs *weswaarts* en *ooswaarts* kan beweeg.

Soms kan 'n palindroom ook bestaan uit 'n teenoorgestelde woord of verskeie ander woorde (agteruit, van regs na links gelees en is dan indirek – ook "charades" genoem).[1]

Hierdie soort woordvorming is veral ter sprake in geskrewe tekste. Verder is dit 'n vorm van kreatiewe **speel** met woorde en verse (bv. skep en lees van gedigte, of die uitbeelding van 'n spesifieke karakter in 'n verhaal se woordeskatontwikkeling en -uitdrukking).

2. Woorde

Voorbeelde van palindroom-woorde:

2.1 Direkte (dieselfde agteruit) palindroom/keerwoord (DP)

- dood (agteruit = direk dieselfde keerwoord)
- droommoord (agteruit = direk dieselfde keerwoord
- knalplank (agteruit = direk dieselfde keerwoord)

2.2 Indirekte (teenoorgestelde agteruit) palindroom/keerwoord (IP)

- snert (agteruit = trens = indirekte teenoorgestelde keerwoord)
- buks (agteruit = skub = indirekte teenoorgestelde keerwoord)

2.3 Afgeleide (Agteruit) palindroom/keerwoord met verskeie woordgrepe (AP)

'n Woordgreep-raaisel ("charades") bevat etlike woorde (van die omgekeerde woord wat gevind moet word) wat elkeen selfstandig betekenis het.[2]

- bewerasie (agteruit = eis-are-web = indirekte palindrome/keerwoorde)
- edelgesteente (agteruit = et-neet-seg-lede = indirekte palindrome/keerwoorde)

3. Sinne

Palindroom-sinne is dikwels absurd, maar af en toe maak hulle op 'n manier wel verrassend sin, soos die bekende Engelse "Able was I ere I saw Elba", wat aan Napoleon toegedig word.

Leestekens word nie in ag geneem nie.

Die volgende voorbeelde van **Afrikaanse palindroom**-sinne klink bra absurd as 'n mens hulle met bogenoemde Engelse een vergelyk, maar dit kan dalk tog iemand inspireer om daarmee te speel en iets pittigers te skep:

- Madagaskarbees (kook) seebrak sag, Adam.
- Kaas, droomsap met ys. (Alla!) Sy tem pas moordsaak.

4. Getalle

Voorbeelde van palindroomgetalle:

- 151
- 1001
- 12345678987654321

5. Datums en tye

Voorbeelde van palindroomdatums en -tye:

- 11/02/2011 (11 Februarie 2011)
- 21/02/2012 (21 Februarie 2012)
- 10:01 (een minuut oor tien)

Uittreksel en verwerking van die volgende bronne deur Estelle Kruger:
https://af.wikipedia.org/wiki/Palindroom
PharosAanlyn: https://www.pharosaanlyn.co.za/soek
WAT Aanlyn: http://woordeboek.co.za/

Eindnotas met nog bronne:

[1] Die Afgeleide Palindroom (AP) word ook "charades" (lettergreepraaisel) genoem.
[2] Van Wyk, G.J. (red.) 2003. *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*. Stellenbosch: Buro van die WAT.

(Geredigeer deur Marianne Strydom)

Kliek op bostaande prent om te sien watter blokkiesraaisels reeds op LitNet gelaai is

Loer hier vir 'n volledige indeks van **hersieningsvraestelle en memo's** wat LitNet bied en wat kan help met voorbereiding vir die eksamen.